Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIV Nr 1 PRYS 10c

WOENSDAG, 13 FEBRUARIE, 1980

# KARNAVAL 1980 : MAAK ERNS MET JOLYT

## Rio — Plesier

### JOHAN NAUDÉ KARNAVALVOORSITTER

KARNAVAL is weer met ons! Duisende Maties wat landswyd geld vir USKOR ingesamel het en in die komende twee weke nog sal insamel, kan nou uitsien na 'n feestyd. Karnaval vanjaar gaan 'n "RIO"- Karnaval wees, 'n week en 'n half se spontane feesvier.

'n Wye reeks aktiwiteite begin reeds Donderdag, die **14e Februarie**, wanneer Akkerjolverkope begin. Kaapstad sal dan deur die Maties beset word. Die aktiwiteite kulmineer met die vlotoptog en ses danse op **Saterdag, die 23e Februarie.** Die Karnavalkomitee sal alle studente op hoogte van sake hou d.m.v. plakate op die kampus en veral d.m.v. die **Smoeg**, die Karnavalkoerant, waarvan twee publikasies binne die volgende week sal verskyn, asook verdere besonderhede. Lees die Smoeg en bly op hoogte.

#### PRYSE

Op die oomblik is die koshuise in 'n titaniese stryd gewikkel om te kyk wie die gesogte **Smoegtrofee** gaan buit. Daar is **'n eerste prys van R200,00**, 'n tweede prys van R100,00 en 'n derde prys van R50,00 op die spel. 'n Ingeligte woordvoerder van die Karnavalkomitee het aan Die Matie gesê dat ses koshuisgroepe kop-aan-kop loop in die pylvak. Dis in hierdie stadium onmoontlik om 'n wenner te voorspel.

#### BESIN

Te midde van die jolyt is dit natuurlik nodig om te besin waaroor alles gaan. **Karnaval is 'n positiewe gebaar van studente aan mense wat minder bevoorreg is, en die ideaal van Karnaval is om omstandighede te bewerkstellig d.m.v. USKOR sodat daar nie meer behoefte is nie.** As ons Karnaval in dié lig sien, dan sien ons dit in die regte lig.

#### PROGRAM

Die volledige program sal verskyn in die eerste uitgawe van die Smoeg.



*Kobus Sieberhagen, redakteur van Die Akkerjol, oorhandig die eerste eksemplaar van hierdie blad aan Prof. M.J. de Vries, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch.*

## *Neem Kennis*

- **Oudisies vir die Universiteitskoor:** Kontak dr. Johan de Villiers, tel. 4998 voor 21 Februarie.
- **Oudisies vir die Kerkkoor:** Kontak Mnr. Pieter van der Westhuizen, orrelis van die Studentekerk, Sondag na die eredienste.

# *Elkeen moet gebruik maak van sy geleenthede*

DIT is nie die universiteit se plig om 'n lys van prioriteite vir elke student op te stel nie. Elkeen kan self besluit hoeveel aandag aan akademiese-, sosiale- of sportaktiwiteite bestee moet word. Die universiteit kan wel, aan die einde van 'n semester of jaar 'n harde oordeel fel, wat soms bittere gevolge kan hê, het prof. Mike de Vries, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch gesê. Hy het opgetree by die verwelkomingsplegtigheid van die eerstejaars.

Prof. De Vries het aangesluit by sy boodskap aan studenteleiers dat die Universiteit se primêre doel is om deur voortreflike vakmanskap diens te lewer aan die gemeenskap. Voorverlede week het hy gesê dat sommige mense Matieland as die sosiale universiteit met die groot aantal hereksamens beskou. Elke student wat die belange van sy land op die hart dra moet ten volle gebruik maak van die geleentheid wat hy het om doeltreffend te studeer.

#### VORMING

Prof. De Vries het beklemtoon dat naas onderrig en navorsing daar ook 'n vormingsaspek verbonde is aan die strewe van die Universiteit om afgeronde persoonlikhede te lewer. Die ideaal om na te streef is studente met 'n ewewigtige oordeel, met 'n gebalanseerde lewensuitkyk, met begrip en waardering vir die sienswyse van andere en met 'n sensitiwiteit vir basiese beskawingswaardes.

#### ONTWIKKELING

Prof. De Vries het nuwelinge die versekering gegee dat die Universiteit ruimte skep vir die voortbestaan en ontwikkeling van indiwidue. Nuwelinge sal in kleiner groepe by name die 24 koshuise en 6 privaatwykorganisasies hulself kan uitleef.

**Prof. De Vries het die ouers van nuwelinge se bystand gevra. Die intellektuele ontwikkeling van jongmense lei tot skerper, kritiese beskouings. Hulle neig om mense te oordeel nie volgens wie hulle is nie, maar volgens die doeltreffendheid waarmee hulle hul werk verrig. Ouers moet nie probeer om hierdie ontwikkeling te onderdruk nie, maar om liewer aktief aan hulle gesprekke deel te neem. Daarby speel ouers die rol van 'n emosionele katalistor om stabiliteit te verskaf as hul kind kom raad soek.**

# Positiewe kritiek 'n antwoord

DIT sal neerkom op pligsversuim as ons nie meer bereid is om positief krities te staan teenoor dit wat rondom ons aan die gang is nie, het mnr. Hilgard Bell, SR-voorsitter, by die amptelike opening van die Universiteit van Stellenbosch gesê. Studentwees is 'n tyd van voorbereiding vir die toekoms; vak-ondersoek, self-ondersoek en ondersoek van die omstandighede en gemeenskap is noodsaaklik.

Mnr. Bell het gesê dat die somtyds geregverdigde beskouing bestaan dat studentegemeenskappe slegs poog om bestaande ordes omver te gooi. Optrede van dié aard is te verdoem.

#### WEES POSITIEF KRITIES

Hy het bygevoeg dat jong Afrikaners respek het vir gesag en nie hulself ten doel stel om afbrekend en onverantwoordelik kritiek te lewer nie. **Hy het die wens uitgespreek dat Stellenbosse studente deur middel van 'n positiewe kritiese beskouing 'n bydrae sal lewer tot die verryking van hul onderskeie vakgebiede, die gemeenskap en ook hulself.**



*1992 se Eerstejaars! Livia Coertse en Neil Thomas, albei van Stellenbosch, is dit eens dat die beoordelaars 'n moeilike taak sal hê om vanjaar se Mej. Matieland te kies.*

# *BUSDIENS NA CITRUSDAL*

'n VOORLOPIGE naweekbusdiens tussen Citrusdal en Stellenbosch word vir 'n tydperk van drie maande ingestel. 'n Minimum van 35 passasiers word vereis om hierdie busdiens moontlik te maak. Studente en skoliere word veral aangemoedig om hiervan gebruik te maak.

Sitplekke moet minstens op die Woensdag voor die vertrekdatum (die daaropvolgende Vrydag) bespreek word. Donderdae sal daar dan navraag gedoen kan word of die bus wel sal loop of nie.

Die voorlopige rooster is soos volg:

**VRYDAE**

| | | |
|---|---|---|
| V. | 1500 | Stellenbosch (sta.) |
| V. | 1530 | Huguenot (sta.) |
| V. | 1550 | Wellington (sta.) |

*(vervolg bl 3)*

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH 1981-02-15 TYDSKRIFTE CARNEGIE BIBLIOTEEK



*Laurika Rauch, die oud-Matie wat die afgelope jaar soveel opgang gemaak het in die ligte musiekwêreld, tree vanaf Maandag 25 Februarie tot 1 Maart in die Oude Libertas-opelugteater op. Anton Goosen (die troebadoer van die "nuwe" Afrikaanse lied), Clarabelle van Niekerk en Louis van Rensburg tree saam met haar op. Die vier het saam in* Musiek en Liriek *baie gewild geword in die Noorde. Laurika se vertolking van "Kinders van die Wind" was een van 1979 se groot treffers. Die plekbespreking is by die Stellenbosse Reisagentskap.*

## Matie-Band

DIE bekende digter Ronnie Belcher het die U.S. Blaasorkes dikwels die "Matie-Band" genoem en dis miskien 'n goeie beskrywing van die kampusblaasorkes, wat elke Maandag en Saterdag oefen in die Konservatorium en wat musiek speel van "Tops tot Pops".

Die orkes beskik oor die beste slagwerkinstrumente in die Kaap (na die mening van die S.A.U.K. se Junior Simfonie-orkes) en studente met slagwerk en musiekervaring kan gerus aansluit om die slagwerkseksie aan te vul.

Die U.S. Blaasorkes is nie net vir musiekstudente nie! Inligtings kan verkry word by die dirigent, dr Paul Loeb van Zuilenburg, Oranjelaan 14, tel 6353 of by die Konservatorium, tel 3618, kamer 120.




# AANDAG EERSTEJAARS!

'n Eerstejaartjie kom na Stellenbosch, om te swot en homself netjies uit te dos.
Die voël word gemaak deur die vere, maar by **De Jagers** sorg ons vir die klere.

# De Jagers Uitrusters

**H/V Briel en Dorpstraat**

Besoek ons en ontmoet 'n nuwe vriend wat u sal bystaan met raad en daad om altyd onberispelik gekleed te gaan.

Ons hou van klere
Ons hou van ons klandisie
Ons hou sommer net van mense (van u)

KITAAR LESSE

Kom leer op 'n maklike manier die KITAAR bespeel! ! !

**Teen R1,50 per les**

Kom skryf nog vandag in of doen navraag by:

**W. HEUER (Edms.) Bpk.**

Birdstraat 112-114, Stellenbosch
Tel. 3811/72938

FOTO STUDIO LOCKLEY

Cor Langenberg.
DIE FOTOGRAAF VIR DIE STUDENT
Vir u groepfotos, portret paspoorte, huweliksfotos en gradeplegtigheidsfoto's.
KOM NA ONS VIR PERSOONLIKE DIENS
TEL. 3131 PLEINSTRAAT
**MAAK VROEGTYDIG 'N BESTELLING VIR U GRADEPLEGTIGHEIDSFOTO.**




KERKSTRAAT 47 CHURCH STREET
TEL. 70588
VIR
DIE NUUTSTE WINTERMODES EN BYKOMSTIGHEDE VIR 1980
BÅSTAD CLOGS • MANDJIES

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

ONS HERSTEL ALLE FABRIKATE
TV
Radio's
Hoëtroustelle
Bandspelers
CONTACT RADIO
Ryneveldstraat 40
Tel. 4383
Stellenbosch

Silwerskoon
droogskoonmakers
TRUST BANKSENTRUM
3622
4 UUR DIENS

Dis die kenteken vir die grootste verskeidenheid van voorgeskrewe

BLADMUSIEK
MUSIEKLITERATUUR
TEOLOGIESE WERKE

vir die Musiek- Admissie- en Teologiese Student
U is altyd welkom!

Boekhandel T. WEVER
Andringastr. 12—14 Andringa St. STELLENBOSCH



*Stellenbosch is bekend vir sy warm ontvangs wat hy jaarliks aan die eerstejaars gee. Hierdie drie dames moes, so tussen die verwelkomings plegtighede deur, eers gaan voete afkoel in die meulsloot. Vlnr. op die foto verskyn Ruth Parker van Kaapstad, Marelize Mentz van Johannesburg en Pia Deetlefs van Nelspruit.*

# Dit is Stellenbosch!

IAN THERON, SOSIALE REDAKTEUR

VIR elke nuweling wat vir die eerste keer op Stellenbosch wakker word met die sonspatsels wat die strate en tuine vollê, is die ervaring van Matiewees en die gepaardgaande studentelewe gewoonlik 'n geheimsinnige onwerklikheid. Diegene met aanpassingsprobleme sit gou die Buro se wagkamer vol, maar vir die meeste eerstejaars is die "waar-skakel-ek-in" en "hoe-sluit-ek-aan" 'n groter kopkrapper.

Om deel te wees van die spil waaróm die sosiale lewe op die Akker draai, moet 'n mens kan dans. Sonder om ooit te sakkie-sakkie sal enige cum laude-student heelwat armer van Stellenbosch weggaan.

'n Groot bron van vermaaklikheid was die welbekende Plaza-bioskoop. Gelukkig, of ongelukkig vir bittereinders wat 'n bedompige aroma, knie-tot-knie sitplekke en gereelde onderbrekings die hoof kon bied, het dié "bug-house" 'n slot aan sy deur gekry. 'n Splinternuwe Cine 1 en 2 word binnekort geopen.

Die H.B. Thom-teater, wat eens beskou is as "een van die mooiste en bes toegeruste teaters in die land", is die mekka van toneelliefhebbers. Hier lok die opvoerings van die Universiteitsteater van Stellenbosch jaarliks groot gehore. Daar moet ook rekening gehou word met USAT (amateur toneel) wat, behalwe die gereelde dramafees, 'n dinamiese en verbeeldingryke verskeidenheid aanbied waarby alle studente kan inskakel.

**Omdat die L.S.S. die brandpunt van die studentelewe is, loop menige student se sosiale paadjie dan ook deur hierdie kompleks se lokale. Die meeste verenigings het kantore in dié gebou.**

Musiek en Stellenbosch is sedert die "Band Stand" se dae sinoniem met mekaar. Uitvoerings in die Konserwatorium (veral middaguurkonserte), folk-sang in Sigma se koffiekroeg en Sangfees is maar enkele geleenthede waar musiektalent beoefen en geniet kan word.

Stellenbosch is nou nie juis bekend vir 'n opwindende naglewe nie, maar eet- en drinkplekke wat elke sak behoort te pas, is binne loopafstand.

'n Vermoë om te kan kies tussen al dié aktiwiteite is van die allergrootste belang.

## BUSDIENS

| | | |
|---|---|---|
| V. | 1620 | Malmesbury (sta.) |
| V. | 1650 | Moorreesburg (sta.) |
| V. | 1710 | Piketberg |
| A. | 1750 | Citrusdal |

SONDAE

| | |
|---|---|
| Citrusdal | 1600 |
| Piketberg | 1640 |
| Moorreesburg | 1700 |
| Malmesburg | 1730 |
| Wellington | 1800 |
| Huguenot | 1820 |
| Stellenbosch | 1850 |


ENKELKAARTJIES

| | Stellenbosch |
|---|---|
| Malmesbury | R2,95 |
| Moorreesburg | R4,20 |
| Piketberg | R5,25 |
| Citrusdal | R6,80 |

Retoerreiskaartjies is dubbeld die enkelkaartjieprys en kan by die stasie gekoop word.


Cobwebs
Juweliersware
Liebermann breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique: Wynvate en Geelhout wynrakke

TEXAS REKENAARS


ALLE MODELLE BESKIKBAAR
EDRICH
RYNEVELDSTR. 34
FOON 71177


ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR Herrie SE MENSE
Probeer ons eksklusiewe Hemdediens

U.U.B. VIR AL U
★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk
PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 4811

GEBR BROS.
Vd Linde
MANS HAARSTILERING
Groot verskeidenheid Wynsakke, Pype, Geskenke en Juweliersware.
NASSAU ARKADE
PLEINSTRAAT
TEL: 5590


COETZENBURG
Apteek
Pharmacy
Pleinstraat 65,
Stellenbosch
Tel. 70018

CYCLE CIRCUIT
Pleinstraat
Stellenbosch
Tel. 70820
Nuwe en tweedehandse fietse. Herstelwerk en bykomstighede.






















DENNEHOUT 3-DEUR LOUVRE HANGKAS
SLEGS 115,00
Dennehout boekrakke vanaf 9,99
Dennehoutkas met 4 laaie
90 cm bed met handige laai daaronder, of omskepbare bankbed 54,00
Bekende "Edblo Rocket Bunk" met staalleertjie daarby 46,99 (Matrasse uitgesluit) Volle reeks bankbeddens beskikbaar
DENNEHOUT BEDDENS VANAF R22,00
L-VORMIGE STAPELBEDDENS MET LEERTJIE EN BOEKRAK 89,95
Dennehout stoeltjies
Dennehoutkis 25,95
(AVB UITGESLUIT)
STELLENPINE
KERKSTRAAT, STELLENBOSCH. TEL: 4337
STELLENBOSCH SE ENIGSTE DENNEMEUBEL-AFSLAGWINKEL
SPONSMATRASSE TEEN GROOTHANDEL PRYSE

# BTK : FLINK UIT DIE VERE

Die Berg- en Toerklub het die afgelope vakansie twee baie geslaagde toere aangebied. Die eerste een was die tradisionele Gala wat net na die November-eksamens plaasgevind het.

Negentig studente het die weeklange toer meegemaak. Die roete het tussen George en Knysna gestrek deur digte inheemse woude, en ook lang ente se stap op die strand ingesluit. Daar is onder andere baie geswem, om riviermondings oor te steek. Elke aand is daar tot laat om die kampvuur gesels en geskerts. Die toer het geëindig met 'n stap om 'The Heads' by Knysna.

**Die tweede toer was deur Witelskloof. Dié kloof was eergister in die nuus nadat 'n lid van Sanlam se bergstapklub daar beseer is.**

Om in die kloof te kom moet die steil Waaihoekberge oorgesteek word. Die berge is elke jaar met sneeu bedek en behoort aan die Ikeys se Mountain and Ski Club. Die kloof is uniek omdat daar veertien groot waterpoele is wat jy met jou rugsak moet deurswem. Dit is een van die mooiste en avontuurlikste stappe in die Boland.

Omdat slaapplek in die kloof beperk is, kon slegs agt lede die toer meemaak. Hierdie toer het in die allerheerlikste Februarie-weer plaasgevind. Daar is gereeld gestop om te swem en die natuur te bewonder.

Vir die lede van die BTK was die vakansie 'n vol en bedrywige een.



*"BTKaners" Vlnr. verskyn Pierre Lombard, Ilse Krige, Wessie van der Westhuizen, Braam Hanekom, Prof. André Rabie en Willem Roos.*




*Huis ten Bosch verower na tien jaar die Prestige Skild vir Deelname, Prestasie en Samewerking. Op die foto verskyn Minette de Villiers en Cheri Viljoen, twee lede van dié koshuis se sportkomitee.*

# Akkerjoltoer

Huis Visser en Irene het 'n Akkerjoltoer na die Oos Kaap onderneem. Die span, bestaande uit 11 mans en 5 dames het al die dorpe langs die Tuinroete aangedoen om Stellenbosch se Karnavalblad aan die mense van daardie kontrei te verkoop. 'n Totaal van 16 dorpe is aangedoen.

Te midde van verskonings soos "myne kom in die pos" of "my man het reeds een" is daar nogtans meer as 4000 Akkerjolle verkoop. Elke verkoper het gemiddeld 60 Akkerjolle per dag van die hand gesit.

Die toer het R1000 gekos, waarvan die Stellenbosche Boere-Wynmakery R800 bygedra het.

Die sukses van die toer alleen, uit die oogpunt van Akkerjol-verkope, het die groot organisasie, opoffering en hoë koste meer as die moeite werd gemaak. Soortgelyke toere kan in die toekoms met vrug aangepak word.

A1 BOTTLE STORE

LIQUOR PRICE SETTERS · DRANKPRYS SETTERS

ANDRINGASTRAAT STELLENBOSCH

Tel. 71018

Vir goeie waarde in in wyn, bier en ander alkoliese dranke

Talle ingevoerde soorte vir dié wat anders wil wees

Du Toit Skoenwinkel

Van Ryneveldstraat 21, Tel. 72918

Skoene, reisbenodighede, leerartikels en herstelwerk

NUUT!


SLENTERBROEKE TEEN BAIE BILLIKE PRYSE

Wilhelms SPORT

Andringastr. 19
Stellenbosch 7600
Tel. 02231-4794

BESOEK DIE MEKKA VAN SPORTBENODIGDHEDE vir PUIK DIENS om alle belangstellings te bevredig

DIE BESTE BULVAN 'N BURGER OP DIE KAMPUS IS BY KENTUCKY, STELLENBOSCH



Vars gebakte broodjies gegeur met heerlike sesam-saad.

Vars gekapte uie maak jou Burger nog lekkerder.

Dun skyfies ingelegde komkommer vir daardie ekstra geur.

Skywe van die sappigste tamaties maak 'n Burger om van te droom.

'n Groot porsie bros, vars slaai.

Jy verkies jou Burger met kaas? Dis die geurigste, heerlikste cheddar.

Eenhonderd persent suiwer beesvleis-frikkadel, vinnig gerooster om sappig geurig te bly.

Die Kolonel se spesiale sous. 'n Verloklike geur wat jou mond laat water.

Kolonel Sanders se resep

Colonel Burger® "Dis vingerlek-lekker"®

Kry jou Colonel Burger nou by jou Kentucky Fried Chicken-winkel, Trust Bank-sentrum, H/v. Andringa- en Beyerstraat, Stellenbosch.

Grandgell, Said Campbell-Ewald 5294M

HAUM

Die student se boekwinkel

Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600 TEL. 4440
Posbus 343 2906

BERGHUIS



DORPST 107
TEL. 7-2276

* TYDSKRIFTE
* KAARTE
* RUGSAKKE
* SLAAPSAKKE
* TENTE
* STEWELS
* STOWE
* KOUSE

Ons bied vriendelike, kundige diens oor al ons kampeer-, voetslaan- en bergklimtoerusting — alles teen billike pryse. Kom kyk gerus alles deur, en maak gebruik van ons gratis raad.

TRIO-RAND